Foto's van Saterdag se potjiekos en boeresportdag

Die manne maak reg vir die groot vure. Jaco wonder 'n bietjie waar skakel jy dit aan.

Maartin maak reg vir sy braai.

Oom Lourens by sy pot.

En hier is die span by mekaar, Oom Lourens, Cecile, Cindy en Marius.

Hierdie manne het groot planne gehad. Dit was net die voorskote wat nog gekort het.

Die kinders het gespeel en piekniek gehou.

Jaco staan en tob. Hy wonder of hy nie maar met sy pot moet begin nie. Almal s'n lyk so lekker!

Nou ja, wat is so 'n dag sonder 'n springkasteel!

En toe begin die hoogtepunt. André Schlemert besig om almal te organiseer vir die aartappelresies!

Die driebeen resies was glad nie so maklik soos dit lyk nie

Die ma's het nie op hulle laat wag nie en toe ook driebeen resies gehardloop!

Die skeidsregter lyk bekommerd toe. Dit lyk of party 'n bietjie kroek.

Die pa's wys hoe daar tougetrek moet word. Almal het Sondag met vreeslike stywe spiere gesit.

Toe wys die ma's dit is nie die pa's alleen wat weet hoe om tou te trek nie!

Oom Jannie rus ‘n bietjie. Die driebeen resies het hom moeg gehad!

Die manne raak senuweeagtig oor hul potte. Dit is amper beoordeel tyd!

En nou is hulle reg vir die beoordelaars!

En hier sit hulle. Die beoordelaars sit en worstel. Blykbaar hoef hulle nie Saterdagaand weer te geëet het nie.

En toe sit die manne. Maak nie saak wat die beoordelaars sê nie, dit was ‘n lekker pot!

En die vure het tot laat gebrand...